

HOOFSTUK IX

SAMEVATTING

1. Opsomming van die inhoud van die ondersoek

Hoofstuk I: Algemene inleiding, probleem- en taakstelling.

Die mens van ons tyd is vasgevang in 'n greep van geestelike verwarring, van voortdurende aanpassings by snel veranderende omstandighede, van horisontalisering van die lewe deur toenemende materialisering en humanisering. In hulle pogings om oplossings vir die probleme wat hulle bestaan omgee, te vind en om 'n gelukkiger wêreld vir die opkomende geslagte te skep, het regerings van Westerse lande die afgelope paar dekades in toenemende mate die aandag op die verbetering van onderwystoestande en -geleenthede gefokus. In dié verband is die belangstelling in Westerse lande in toenemende mate op die hoof as sleutelfiguur in die bereiking van die beoogde ideale in die onderwys gevestig. Uitgebreide en indringende navorsings is dan ook in verskillende Westerse lande na die posisie, taak en opleiding van die hoof van die skool onderneem. In Suid-Afrika is weinig in dié verband gedoen. Twee provinsiale owerhede in die R.S.A. het egter die belangrikheid van dié amp besef en veral aandag aan die opleiding van hoofde begin wy.

Die besondere kulturele opset in Suid-Afrika bring ook besondere probleme vir die onderwys mee wat direkte verband met die wese van die taak en die opleiding van die hoof hou. Daarbenewens word in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet nr. 39 van 1967 vereis dat die karakter van die Onderwys in Suid-Afrika Christelik en nasionaal moet wees. Voorts is magte in Suid-Afrika onmiskenbaar aan die werk om Suid-Afrikanerskap ten koste van Afrikanerskap te predik en te bevorder. Die vraag is wat dit alles vir die hoof van die Afrikaanse skool impliseer.

Die doel van die ondersoek is dan om perspektief op die wese, die aard en die omvang van die taak van die hoof van die Afrikaanse skool te kry en om riglyne m.b.t. sy opleiding neer te lê.

In die ondersoek is hoofsaaklik van die volgende metodes van wetenskaplike navorsing gebruik gemaak: die wysgerige, die historiese en sommige empiriese metodes, waaronder veral die questionnaire-metode.

Hoofstuk II: Fundering en perspektief.

In hierdie hoofstuk is getrag om die grondslae van die Christelike onderwys en daarmee saam van die hoofskap van die Afrikaanse skool op grond van die lewensbeskouing van die Afrikaner neer te lê.

Die grondslag van die Afrikanerdenke en -lewe is Calvinisties-nasionaal, met die Calvinisme as kwalifiserende faktor daarin. Een van die belangrikste elemente van dié beskouing is die roeping van die mens. Roeping is universeel: dit plaas die ganse lewe van die mens, ook dié van die hoof van die skool en dié van die volk onder die beslag van Gods eis in sy Woord. Dit gee aan die mens 'n onmisbare drie-dimensionele visie op die diepte wese van sy bestaan. Elke faset van die taak van die hoof moet vanuit dié visie benader word. Die onbeskroomde oordrag en uitbouing van dié beskouing aan die opkomende geslag, is 'n voorvereiste vir die behoud van Afrikaneridentiteit in Suid-Afrika. Dit vereis die opvoeding van Afrikanerkinders in 'n eie, unieke skool. Met die Wet op Nasionale Onderwysbeleid het die staat roepingsbewus sy eerste verantwoordelikheid in die daartelling van volksonderwys nagekom. Dit is die taak van die hoof, sy personeel en die skoolouers om die beginsels van dié wet roepingsbewus in die praktyk te verwesenlik.

Roeping lê 'n eenheidsgrondslag tussen die karakter en ideale van die skool enersyds en die taak van die hoof andersyds. Die hoogste ideaal van die Afrikaanse skool is om deur die vervulling van sy driediedige roeping die Afrikanerkinders tot roepingsbewustheid en roepingsvervulling te help lei. Dit stel besondere eise aan die hoof as persoon en aan die wyse waarop hy sy taak moet uitvoer.

Hoofstuk III en IV: Die posisie en taak van die hoof van die Afrikaanse skool in historiese perspektief.

In hierdie twee hoofstukke is 'n poging aangewend om die hoofskap van die Afrikaanse skool teen die agtergrond van die ontwikkeling daarvan hier te lande te beskryf en te verstaan.

Die wese en aard van die posisie en taak van die hoof van die Afrikaanse skool wortel histories in die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikanervolk en sy onderwys. Die grondslae van die Afrikaanse en die Suid-Afrikaanse Engelse skole verskil wesenlik van mekaar. Na hulle saaklik-tegniese aspekte het dié skole en daarom ook die hoofskappe van dié skole hier te lande egter kenmerkend eners ontwikkel.

Tot aan die einde van die 19de eeu was die professionele posisie van die hoof gering en sy taak in omvang beperk. Die hoof is voortdurend deur die staat en die skoolkomitee aan kontrole onderwerp. Die staat, kerk en ouers het belangrike rolle in die bepaling van die onderwys en die aard en omvang van die posisie en taak van die hoof gespeel.

In die 20ste eeu het die professionele posisie van die hoof aansienlik verbeter en het sy taak deur die uitbreiding van sy domein geweldig uitgebrei. Die oorsake van die uitbreiding van sy taak moet hoofsaaklik in die uitbreiding van die onderwysgeleenthede en in die vernuwinge in onderwysmetodieke, -tegnieke en die leerinhoud gesoek word. Die onderwysowerheid het in hierdie eeu die belangrikste faktor in die bepaling van die aard en omvang van die posisie en taak van die hoof geword.

Die taak van die hoof is ook aan die invloed van primêre en sekondêre faktore, wat dikwels fluktuierend van aard is, onderhewig. Dit het tesame met die uitbreiding van sy domein die taak van die hoof in kompleksheid laat toeneem.

Die verskuiwing van die klem in die onderwys van die leerinhoud na die opvoedeling, het tot gevolg gehad dat die professionele aard van die taak van die hoof beklemtoon is. Daarbenewens is die hoofskap van die Afrikaanse skool deur bepaalde reëlins van die onderwysowerhede in hierdie eeu al meer geprofessionaliseer. Die klem is van die onderrig na die leiding van die hoof verskuif.

In breë trekke omsluit die domein van die hedendaagse hoof van die Afrikaanse skool die volgende vyf sub-taakterreine: die hoofkantoor, die skool, die ouergemeenskap, die onderwysgemeenskap en die breë gemeenskap. Die interne skoolaangeleenthede maak die primêre terrein van sy profes-

sionele leiding uit. Die primêre terrein van sy professionele leiding het ewe eens in omvang en kompleksheid toegeneem. Die handhawing van 'n gebalanseerde verhouding in die tyd en aandag wat hy aan die belangrikste dele van sy taak moes bestee, het gaandeweg 'n ernstige probleem geword.

Die hoof is vandag veel meer as 'n klasonderwyser, meer as net 'n onderwyser van onderwysers en selfs meer as net bestuurder van sy skool. Die klem het na sy professionele leierskap verskuif. Die professionele leiding van die hoof is in sy algemene leierskapsvermoë "ingebou". Die klem in die professionele leiding in die onderwys het in 'n belangrike mate reeds van die inspekteur van onderwys na die hoof verskuif.

Die ontwikkeling van hoofskap het hier te lande in breë trekke dieselfde patroon as dié van die hoofskap in enkele leidende Westerse lande gevolg. Die hoofskap van die Afrikaanse skool het in hierdie eeu in breë trekke sy algemene Christelike karakter bly behou.

Verskeie ernstige probleme het op die taakterrein van die hoof opgeduik, waaronder die kroniese tekort aan geskikte onderwysers, die snelle tempo waarteen veranderinge ingevoer is, die leemtes in die metodes van inligting van die hoofde en die gebrek aan vorme van voorbereiding vir hulle taak van die belangrikstes is.

Verskille in die hoofskappe van verskillende skole moet nie in die tipes skole gesoek word nie, maar eerder in die grootte van die skole.

Hoofstukke V en VI: 'n Profiel van die hoof van die Afrikaanse skool.

'n Profiel van die hoof van die Afrikaanse skool is in hierdie hoofstukke beskryf op grond van die antwoorde wat 405 hoofde van Afrikaanse primêre skole en 206 hoofde van Afrikaanse sekondêre skole op 'n vraelys verstrek het.

Die tipiese primêre skool van die tipiese hoof in Transvaal is 'n PII-skool van gemiddelde grootte en die tipiese hoof van 'n sekondêre skool in Transvaal is hoof van 'n HI-skool wat in 'n stad of dorp geleë is. In die ander

provinsies is die skole van die tipiese hoofde gemiddeld kleiner as dié in Transvaal.

Die aanstelling van die hoof van die Afrikaanse skool geskied al meer ooreenkomstig professionele standaarde. Sy bevordering geskied in die reël geleidelik. Die tipiese hoof van die Afrikaanse primêre skool is 46,5 jr. oud en dié van die sekondêre skool 45,8 jr. Hulle word hoofde wanneer hulle onderskeidelik 36,5 jr. en 38 jr. oud is. Hulle is ervare hoofde wat in oorgrote getal manlik en getroud is en geneig is om te vestig.

Die hoofde van sowel die primêre as die sekondêre skole voldoen in die reël aan meer as net die minimum vereistes wat vir aanstelling in die verskillende grade poste neergelê is. Die akademiese profiel van die hoofde vertoon egter nog ongunstig met dié van die meerderheid hoofde in Amerika. Die hoofde behaal in die reël nagraadse grade voordat hulle bevordering tot hoofskappe ontvang. Die verwerwing van nagraadse grade blyk 'n sterk aanbeveling by die aanstelling en bevordering van die hoofde te wees. Meer hoofde behaal nagraadse grade in Opvoedkunde as in enige ander vakgebied. Die meerderheid hoofde behaal eerste grade in die geestes- en natuurwetenskappe, terwyl Afrikaans-Nederlands en Wiskunde die twee enkele vakke is wat deur die meeste hoofde as hoofvakke vir die eerste graad geneem is.

Min hoofde studeer verder. Die omvangrykheid van hulle taak moet daarvoor die belangrikste rede wees. Die oorgrote meerderheid hoofde is ten gunste van gereelde indiensopleidingskursusse vir beginnerhoofde.

Die werkdag van die hoofde van primêre en sekondêre skole is respektiewelik 10 en 12 uur lank. 'n Tipiese werkdag bestaan slegs in teorie. Die beplande program van die hoof kom weinig tot sy reg. Die aandag van die hoof word deur die week hoofsaaklik deur professionele aangeleenthede in beslag geneem. Die hoofde van sekondêre skole doen klaarblyklik nog te veel klerklike en administratiewe werk.

Die eis van die gemeenskap aan die hoofde om take buite skoolverband te onderneem, is redelik groot. Die hoofde neem hoofsaaklik leiding in organisasies vir volwassenes. Die kerklike en die kulturele terreine is die

twee belangrikste terreine waarop hoofde van skole leiding neem. Die tipiese hoof is sterk professiebewus.

Die Christelike lewensbeskouing is by die meerderheid hoofde van Afrikaanse skole nie in alle opsigte en m.b.t. elke faset van die onderwys prioriteit nommer een nie. Dit wil voorkom of die meerderheid hoofde pragmaties teenoor hulle taak ingestel is deur die praktiese problemsituasies en die humane bo die Christelike te beklemtoon.

Die belangrikste probleme van die hoofde kan in sewe kategorieë ingedeel word. Dit blyk dat probleme wat rondom personeelaangeleenthede sentreer, die belangrikste groep probleme van die hoofde is.

Oor die algemeen geneem word die aard en omvang van die bedryghede van die tipiese hoof deur die diverse en komplekse aard daarvan gekenmerk. Die hoofskap van die Afrikaanse skool is 'n eerbare en bestendige betrekking.

Hoofstuk VII: Enkele aspekte van die roepingsbewuste leiding van die hoof van die Afrikaanse skool.

In hierdie hoofstuk is getrag om enkele aspekte van die leidinggewende taak van die hoof in meer besonderhede vanuit roepingsperspektief te beskryf. Die hoof van die Afrikaanse skool kan op konstruktiewe leiding aanspraak maak, as hy sy taak vanuit sy roeping betrag en volbring. Hy moet positief aan 'n lewenshouding, wat op 'n Christelike lewensbeskouing gegrond is, in sy skool gestalte gee. In die volledige Christelike skool veronderstel dit nie alleen 'n Christelike gesindheid nie, maar ook die verwerwing van insig in die leerinhoud in die lig van die Skrif en die uitlewing van die Christelike beginsels in die buite-kurrikulêre bedryghede van die skool.

In die organisasieverloop van die leiding van die hoof kan in hoof-trekke dieselfde beginsels wat vir bestuursleiding geld, gevolg word. Sy professionele leiding word hoofsaaklik deur mensebetrekkinge beïnvloed. Hy moet die beginsels wat die handelinge en verhoudinge van individue in groepe onderlê as Godgegewe instrumente beskou wat hy met toenemende vaardigheid moet gebruik om groter sukses te verseker.

Die indiensontwikkeling van die personeel het drieërlei doel voor oë: beter roepingsvervulling, die voorbereiding van die personeel om hoër graad poste te beklee en die verbetering van die onderrig. Die indiensontwikkeling van die personeel is nie die enigste wyse waarop die onderrig in die skool verbeter kan en moet word nie. Dit moet deur die verbetering in die organisasie en leiding van die hoof in elke faset van die strukturele geheel by die skool geskied. Dit moet op die ontwikkeling van die volle persoonlikhede van die leerlinge as eiendom van God gerig wees.

Die hoof moet deur die daarstelling van doeltreffende kommunikasiekanale tussen die huis en skool, doelbewus en konstruktief na samewerking met die skoolouers soek. Dié samewerking moet eerder op die beter verstaan en ontwikkeling van die kind ingestel wees as op die materiële voordele wat dit vir die skool inhou. Selfs die aard en omvang van sy betrokkenheid by gemeenskapsbedrywighede moet die hoof met perspektief vanuit die roepingsgedagte benader.

Die wese, aard en funksies van die hoofskap van die Afrikaanse skool is grootliks dieselfde as dié van ander skole, maar daar bestaan groot verskille in die aksente en waardebepalings. Die hoof van die Afrikaanse skool moet ook oor 'n verskeidenheid uitnemende leierseienskappe beskik. Hy kan en moet egter ook sy leiding deur oefening in en die toepassing van die doeltreffendste denk- en bestuurstegnieke verhoog. Die eerste vereiste vir die goeie hoof is roepingsbewuste leiding. Dit kan hy alleen bereik as hy die Skrifbeginsels in alle handelinge by die skool voorop stel.

Hoofstuk VIII: Die opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool.

In dié hoofstuk is meer positief voorstellend en ontwerpnd te werk gegaan, eerder as om bestaande stelsels van die opleiding van die hoof krities te beoordeel.

Verskillende omstandighede vereis vandag dat die hoofde vir hulle taak deeglik opgelei moet word. Heelwat goeds kan uit die navorsings wat in oorsese lande, veral in Amerika, in dié verband gedoen is, geneem word om 'n konstruktiewe plan van opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool te ontwerp.

By die gebrek aan 'n wetenskaplike stelsel van keuring van potensiele hoofde, moet in Suid-Afrika voorlopig op die opleiding van die beginnerhoofde en die diensdoende hoofde gekonsentreer word. Dié van die beginnerhoof is die belangrikste. Die opleiding van die beginnerhoofde behoort in twee fases te geskied: opleiding in die tydperk tussen aanstelling en diensaanvaarding en opleiding gedurende die eerste jaar van hoofskap. Die fundamentele grondslae van die posisie en taak van die hoof moet die hoofinhoud van 'n kursus vir beginnerhoofde uitmaak. Die programme vir die verdere opleiding van diensdoende hoofde, kan hoofsaaklik praktiese professionele sake as hoofinhoud hê. Verskeie van die metodes en tegnieke wat in oorsese lande vir die opleiding van hoofde toegepas word, kan ook hier te lande na geringe aanpassings met vrug gebruik word. In die oorgang van die vorme van opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool, moet die moontlikheid van die desentralisering van kursusse sterk in gedagte gehou word.

Vir die ontwerp en die implementering van die ideale vorm, inhoud en metodes van opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool, eis die roepingsbeginsel die verantwoordelik van sowel die onderwysowerheid as van die hoof op. Die roepingsbewuste leiding van die hoof van die Afrikaanse skool sal alleen konstruktief verbeter kan word, as die opleidingsprogramme vir dié hoofde in roepingsperspektief ontwerp en toegepas word.

2. Bevindings, aanbevelings en implikasies

*Die onbeskroomde oordrag en uitbouing van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing in al die fasette van die Afrikaanse skoollewe is 'n voorvereiste vir die handhawing van Afrikaneridentiteit in Suid-Afrika. Die vertikale visie in dié beskouing is die belangrikste en moet in die Afrikaanse skoolteorie en -praktyk voorop gestel en beklemtoon word. Dié beskouing moet geleef en deurleef word. Dit impliseer die bevordering in die Afrikaanse skool van Christelike Afrikanerskap voor 'n sgn. algemene, identiteitlose Suid-Afrikanerskap. Dit impliseer ook dat die Afrikanerkind alleen deur volledige Christelike onderwys in die skool weerbaar gemaak kan word, sodat hy teen die magte wat tot die omkering van die behoudende ordes in Suid-Afrika werk, weerstand kan bied.

Die aksentuering van die nuttige en die menslike, die praktiese en die diesseitige voor en bo die Christelike beginsels, moet tot verhorison-talisering en versekularisering van die lewe lei. Eerste dinge, moet eerste gestel word.

*Hierdie studie beklemtoon nie alleen die belangrikheid van die hoof, sy posisie en sy taak in die verwesenliking van die ideale van die Christelike onderwys in die Afrikaanse skool nie, maar impliseer terselfder-tyd dat die meerderheid hoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole hulle perspektiewe op hulle taak vanuit die roepingsbeginsel moet regstel. Dit is voorvereiste vir roepingsbewuste professionele leiding en vir die daar-stelling van volledige Christelike onderwys in die Afrikaanse skool.

Omdat die staat ook onder beslag van die roepingsbeginsel staan, moet die onderwysowerhede ook van die bevindings in hierdie navorsing pertinent kennis neem.

*Die opleiding van onderwysers en ook van hoofde in 'n gees van neutraliteit deur eksponente van die sgn. neutrale wetenskap en neutrale wetenskapsbeoefening, kon in 'n belangrike mate daartoe bygedra het dat die meerderheid hoofde van Afrikaanse skole nie die Christelike lewensbe-skouing en Christelike onderwys as van fundamentele en eerste belang vir elke faset van hulle taakomgewings gestel het nie. Solank dit die geval in die opleiding van onderwysers en hoofde bly voortbestaan, sal die beginsels van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet nr. 39 van 1967) ook nie na hulle waarde en betekenis ten volle in die praktyk verwesenlik kan word nie. Daar moet nie net gesê word dat die beginsels van dié wet in die skool waar gemaak moet word nie, maar die owerhede en die hoofde moet sorg dra dat dit geskied en kontroleer of dit wel geskied.

Die voorgaande impliseer ook dat die regering en die universiteits-rade van die Afrikaanse universiteite nie langer behoort te talm nie om die gewetensklousule uit die "grondwette" van dié universiteite waar dit nog be-staan, te skrap.

*Die maatstawwe vir die beoordeling van kandidate vir hoofposte aan Afrikaanse skole moet in Christelike perspektief gestel word. Die vermoë

van hoofde om Christelik perspektiewiese leiding te gee, moet voor alle saaklik-tegniese vermoëns oorweeg word. 'n Handleiding in dier voege behoort ook deur skoolkomitees en beheerrade met vrug gebruik te word.

*Gemeet aan die kriteria wat vir die erkende professies neergelê is, is die onderwysberoep nie 'n volwaardige profesie nie. Op grond van die besondere kwalitatiewe karakter van die onderwysberoep is dit egter 'n unieke profesie waarvoor 'n eie stel kriteria geld. Hier te lande moet dié kriteria in die fundamentele oortuigings van die Afrikaner gegrond wees.

Die professionele waardigheid van die onderwysers van Afrikaanse skole sal verhoog word as die aspirant-onderwysers aan die einde van hulle opleiding 'n verklaring moet onderteken waarin hulle o.a. die Christelike lewensbeskouing onderskryf en onderneem om in die Afrikaanse skole volledige Christelike onderwys te doseer (vgl. bv. die ondertekeningformulier van predikante). Die handhawing van hoogstaande morele standaarde in dié verband, is dan 'n saak wat deur die beoogde Nasionale Onderwysersraad in samewerking met die onderwysowerhede gekontroleer kan word.

*Daar behoort inderwaarheid in Suid-Afrika deur die Afrikaanse onderwysers na hulle profesie as 'n Christelike profesie verwys te word; differensiasie op grond van lewensbeskoulike gronde, het in dié opsig nodig geword. 'n Christelike profesie sal egter ook nie net deur reëls en kodes status hê nie, maar eerder deur die gedrag van sy lede wat roepingsbewus hulle taak vervul. In enige beroep sal die werker die hoogste status bereik as hy sy werk roepingsbewus uitvoer.

*Op grond van die feit dat verskille in hoofskappe nie in die tipes skole nie, maar in die grootte van die skole gesoek moet word, bestaan daar geen regverdiging vir enige status differensiasie tussen hoofde van groot primêre skole wat goed gekwalifiseer is en hoofde van sekondêre skole nie. Die verskille in die salarisskale van dié hoofde is dan ook nie geregverdig nie, behalwe in die geval waar daar koshuise aan die sekondêre skole verbonde is en nie aan die groot primêre skole nie. Die werk van die hoof van die primêre skool is nie van minder belang omdat hy met jonger kinders werk nie. Daar bestaan ook ander ongerymdhede in die poste- en salarisstrukture van hoofde, soos bv. die feit dat die poste van hoofde met skole van onderskeidelik 800

en 1200 leerlinge in dieselfde pos- en salariskategorie geklassifiseer word. Die verhouding van die salarisskale van sommige hoofde van primêre skole tot dié van senior assistente van primêre en sekondêre skole, is op grond van die verskille in die omvang en aard van hulle taak en posisie ook nie geregverdig nie.

Die salarisstruktuur van onderwysers moet nie net hersien word nie, maar die tradisionele wyse om 'n piramidiese vorm van salarisstruktuur daar te stel, is waarskynlik in 'n groot mate t.o.v. die salarisstruktuur van hoofde uitgedien.

*Die salarisskale van hoofde en die minimum kwalifikasies wat vir 'n bepaalde pos vereis word, hang saam. Wanneer hoofde hulle akademiese kwalifikasies veral in Opvoedkunde verbeter, behoort dit vir hulle salarisvoordele mee te bring. Dit behoort hoofde tot beter taakvervulling deur verdere studie te stimuleer. Die hoofde van Afrikaanse skole het die vooruitsig om gemiddeld langer as 25 jr. as hoofde te dien. Die erkenning van die hoër akademiese kwalifikasies van hoofde vir salarisdoeleindes, sal 'n materiële belegging wees wat oor verskeie jare heen geestelike diwidende vir die onderwys behoort op te lewer.

*Die taak van die hoof het omvangryker en kompleksier geword en sal deur die toenemende implementering van vernuwing in die onderwys verder in omvang en kompleksheid toeneem. Die druk van sekondêre invloede en gebeure van sekondêre belang veroorsaak die verdere intensifering van hoofskap. In die lig daarvan het die grootte van skole, die tempo waarteen onderwysgeriewe voorsien word, die tempo waarteen allerlei veranderinge aangebring word en die leemtes in die bestaande postestruktuur by skole in hulle kumulatiewe samehang vraagstukke van aktuele belang m.b.t. die doeltreffende taakvervulling deur die hoof geword. Die vraag dring na vore of die ontwerp en invoering van 5- en 10-jaarplanne vir die Christelike volks- onderwys nie ook verbetering in dié verband behoort aan te bring nie. By die ontwerp van sodanige planne sal die struktuur van die primêre en sekondêre taakomgewings van die skoolhoof byvoorbeeld vir die ontwerp van 'n doeltreffende postestruktuur pertinent in aanmerking geneem moet word. Daar sal bv. in gedagte gehou moet word dat daar twee van mekaar te onderskeie, maar onafskeidbare sub-terreine op die terrein van die primêre leiding

van die hoof bestaan: dié van die onderrig en dié van die administrasie en organisasie van die onderrig.

Die hoof van die Afrikaanse skool word reeds in 'n belangrike mate oorlaai. Die nadale daarvan vir die onderwys in geheel, moet indringend deur die onderwysowerhede ondersoek word.

*Die gereelde en doeltreffende inligting en voorligting van hoofde oor regulasies, beleid en administratiewe verpligtinge en die periodieke konsolidering van veranderinge is aangeleenthede wat tot die professionalisering van hoofskap kan bydra. Die ander provinsiale onderwysowerhede behoort hierin die prysenswaardige praktyk van die Transvaalse Onderwysdepartement te volg.

*Hoofde moet die aanvaarding van leierposisies buite die skoolverband met visie vanuit hulle roeping op die eise wat hulle taak aan hulle stel, benader, beplan en uitvoer. In dié verband behoort die hoofde dit sterk te oorweeg om meer deel te neem aan en leiding te neem in Afrikanerjeugorganisasies. Hierin kan hoofde ook hoofsaaklik aan ondergeskikte volwasse leiers leiding gee. Dié terreine hou nouer verband met die primêre terrein van hulle professionele leiding.

*Die toenemende feminisering van die onderwys moet tot bepaalde veranderinge en klemverskuiwings t.o.v. die posisie en taak van die hoof aanleiding gee wat ook bepaalde aanpassings sal vereis. Daar sal vroegtydig oor dié aangeleenthede besin en beplan moet word.

*Dit is noodsaaklik dat hoofde opgelei word om hulle spesifieke take doeltreffend te verrig. Die onderwysdepartemente moet opleidingsprogramme vir beginnerhoofde op koördinerende basis beplan en uitvoer. Daarvoor sal die opstel van 'n nasionale beleid in dié verband, asook die samestelling van 'n inter-departementele beplannings- en reëlingskomitee nodig wees. Die lede van dié komitee(s) moet in permanente hoedanigheid dien.

*Die kursusse vir beginnerhoofde moet deur periodieke kursusse vir ervare, diensdoende hoofde opgevolg word.

*Die beginnerhoofde van Afrikaanse en Suid-Afrikaanse Engelse skole moet op grond van die verskille in die grondslae van dié skole apart opgelei word.

*Die roepingsbewuste professionele leiding van die hoof van die Afrikaanse skool sal alleen konstruktief verbeter word, wanneer opleidingsprogramme met visie vanuit die grondmotief van die Afrikaner ontwerp en deur roepingsbewuste persone aangebied word.

*Roeping vorm 'n eenheidsgrondslag vir die teorie en praktyk van die onderwys op grond van die Heilige Skrif. Roeping trek 'n eenheidslyn deur die wese, aard en omvang van die posisie, taak en opleiding van die hoof van die Afrikaanse skool. Roepingsbesef en roepingsvervulling in die onderwys maak van die hoof van die Afrikaanse skool 'n leier uit een stuk.

*Die Afrikaner moet weer heldere begrip van sy roeping kry en van daar uit perspektief op sy taak. Dit is die heerlike taak waartoe die Afrikaanse skool in die huidige tydsgewrig opnuut geroep word. Die hoofde en hulle personele moet daaroor spreek, in die skool en in die gemeenskap. Hulle moet dit die kinders van die Afrikanervolk inskerp. Die leerlinge moet deur die aanleer van die teosentriese waarhede, wat die feitekennis onderlê, dieper insig in die leerstof verwerf. Aldus sal ook die regte perspektief op die skolastiese, akademiese en handvaardige prestasies van die leerlinge verkry word.

*Die hoof is voorwaar 'n sleutelfiguur in die implementering van algemene en besondere onderwysbeleid en in die verwesenliking van die ideale van die onderwys. Die besondere verantwoordelikheid van die hoofde van Afrikaanse skole is saamgetrek in die feit dat hulle gemiddeld vir langer as 'n kwart eeu roepingsbewus moet bou aan die toekoms van 'n volk wat aan God behoort.

*Die meerderheid hoofde van Afrikaanse skole wat nagraadse studie onderneem, studeer verder in Opvoedkunde. Op grond van dié feit behoort die betrokke fakulteitsrade van die Afrikaanse universiteite dit te oorweeg om 'n nagraadse kursus in Opvoedkunde, wat op die taak van die hoof van die Afrikaanse skool ingestel is, in te stel. Die inhoud van sodanige kursus moet vanuit die roepingsgedagte opgestel word. Die verwerwing van sodanige graad behoort die professionele waardigheid en vermoë van die hoofde te verhoog.

Dit behoort nie alleen die bywoning van 'n teoretiese kursus vir beginner-hoofde te vervang nie, maar behoort ook vir hulle 'n sterk aanbeveling tot bevordering te wees.

3. Vraagstukke vir verdere navorsing

*'n Indringende wetenskaplike ondersoek behoort ingestel te word na die opvoedkundige belangrikheid en noodsaaklikheid van die verpligte lesure van hoofde, gesien binne die opset van die professionele leiding wat hulle noodsaaklikerwys op die primêre terrein van hulle taakomgewing moet gee.

*Die ernstige tekort aan mansonderwysers is 'n vraagstuk van nasionale belang wat nie skouerophalend aanvaar mag word nie. Die redes vir dié tekort moet oopgevelek word en aanbevelings vir die oplossing van die vraagstuk gedoen word. (Dit sal die taak van die staat wees om met die bevindinge van sodanige ondersoek erns te maak).

*Die hele saak van studie-verlof en studieleningen vir verdere opleiding moet ewe-eens indringend ondersoek word.

*Die wyse waarop die Afrikaanse skool sy ekumeniese roeping binne die huidige kulturele en opvoedkundige opset in S.A. behoort te vervul, is ewe-eens 'n belangrike vraagstuk wat nader ondersoek moet word.

*'n Ondersoek na die opvattinge en houding van ouers m.b.t. hulle plek, aandeel en seggenskap in die onderwys, mag gegewens en tendense blootlê wat van kardinale belang vir die beplanning van verbeteringe in dié verband kan wees. Die bevindings mag vir onderwysowerhede, ouerkomitees en -rade en hoofde van besondere belang wees.

*Die wyse waarop die Christelike beginsels in die leerstof van die afsonderlike vakwetenskappe toegepas kan word, moet in besonderhede uitgewerk word.

*Die aspekte van die leidinggewende taak van die hoofde van Afrikaanse skole kan vollediger nagevors word.

*'n Stelsel vir die keuring van potensiële hoofde moet op grond van die bevindings van 'n wetenskaplike ondersoek ontwerp word.

*Die wese, aard, vorm en praktiese uitvoerbaarheid van 'n nasionale stelsel van die teoretiese en praktiese opleiding van potensiële hoofde vir Afrikaanse skole moet grondig ondersoek word.

*Vorme van doeltreffende evaluering van die resultate van opleidingsprogramme moet ook ontwerp word.

*'n Belangrike vraag is ook in watter mate die professionalisering van hoofskap verder bevorder kan word. In dié verband moet aandag gegee word aan die vraag of die onderwysberoep op dieselfde wyse en in dieselfde mate as die hoofskap van die Afrikaanse skool geprofessionaliseer is of kan word.

*Wat die posisie van die inspekteur van onderwys en die wese en aard van sy taak in die nuwe bedelinge wat kom, moet wees, moet ook vanuit roepingsperspektief ondersoek en bepaal word.

*'n Indringende ondersoek behoort ook ingestel te word na die mate wat Afrikanerjeugbewegings 'n sinvolle rol in die jeugweerbaarheidsprogramme van skole kan speel en watter aandeel die hoofde tot voordeel van die leerlinge en personeel daarin behoort te neem.

S U M M A R Y

THE CALLING, TASK AND TRAINING OF THE HEADMASTER OF THE AFRIKAANS MEDIUM SCHOOL

CHAPTER I

GENERAL INTRODUCTION, FORMULATION OF THE PROBLEM AND ASSIGNMENT

For the past three decades interest regarding education in the Western world has increased considerably. In this respect the importance of the rôle of a headmaster has been stressed. A minimum of research has been done on this subject in South Africa in comparison with overseas countries. In two provinces, however, the educational authorities have already started on the training of headmasters.

The unique cultural framework in multi-national S.A. is due to cause unique educational problems. These problems are intensified by the atmosphere created by the modern way of life. The question is in what manner the headmaster of the Afrikaans medium school will be affected.

The aim of this investigation is to find the correct perspective regarding the task of the headmaster of the Afrikaans medium school and his training.

CHAPTER II

FOUNDATION AND PERSPECTIVE

This chapter deals with the foundation of Christian education to define what is expected from the headmaster of an Afrikaans medium school. To the Afrikaner the fact that he has to fulfil a specific God given task is of major importance. Each facet of the task and training of a headmaster must be approached from this point of view. In Afrikaans medium schools the primary ideal should be to guide the Afrikaans pupils to become aware of this calling, and to guide them to fulfil this specific task. This places a heavy burden on the shoulders of the headmaster.

CHAPTERS III AND IV

THE POSITION AND TASK OF THE HEADMASTER OF AN AFRIKAANS MEDIUM SCHOOL AS SEEN IN HISTORIC PERSPECTIVE

Afrikaans medium schools differ fundamentally from English medium schools regarding historical foundations. Concerning objective technical aspects, both types of schools have developed in more or less the same way.

The professional status of the headmaster has improved considerably during the 20th century. His domain and particularly the primary terrain of his professional guidance have become complicated and have exceeded all previous boundaries, as a result of which various problems, affecting his position and task in a negative or positive way, have arisen.

Today much more is expected from a headmaster than just being a classroom teacher, a teacher of teachers or a manager of his school. The importance of his professional leadership is now being emphasized. During the 20th century ~~has~~ the headship of Afrikaans medium schools has retained its general Christian character.

CHAPTERS V AND VI

PROFILE OF THE HEADMASTER OF AN AFRIKAANS MEDIUM SCHOOL

Deductions drawn in Chapters V and VI are based on answers to a questionnaire which has been completed by 405 headmasters of Afrikaans medium Primary schools and 206 headmasters of Afrikaans medium Secondary schools.

The typical Afrikaans medium school is of average size. The appointment of headmasters to these schools is based on professional standards. These appointees are experienced headmasters, mainly male and they are inclined to settle down.

In the rule they comply with more than the minimum requirements for appointment as headmaster. The academical profile of these headmasters, however, does not compare favourably with headmasters in America. Post-graduate degrees prove to be a recommendation whenever headmasters are being appointed or promoted. The

majority of the post-graduate qualified headmasters have their degrees in Pedagogy.

Few headmasters are keen on further study.

The headmaster has a kaleidoscopic programme of action; the idea exists that the headmaster is overburdened. Besides his school activities he takes a leading rôle in adult organisations. The dedicated headmaster, however, is acutely aware of his profession. The majority do not consider the Christian philosophy of life and Christian education of primary importance for their task and training. Many are inclined to be pragmatic and utilistic regarding their profession.

The headmaster's most important problems concern personnel affairs.

CHAPTER VII

CERTAIN ASPECTS CONCERNING THE GUIDANCE OF A DEDICATED HEADMASTER

The nature and function of the headmaster of an Afrikaans medium school are more or less the same as that of an English medium school. The sense of values, however, differs greatly.

Because of these differences this chapter deals with the qualities of the ideal headmaster of the Afrikaans medium school as well as various practical implications concerning the guidance given by a dedicated headmaster. His task towards the pupils and their parents has also been discussed briefly.

A headmaster who is dedicated to his task, and who is aware of a specific God given task, should try to acquaint himself with the latest knowledge and development concerning professional leadership, and put this into practice in accordance with his calling.

CHAPTER VIII

THE TRAINING OF THE HEADMASTER OF AN AFRIKAANS MEDIUM SCHOOL

An attempt has been made to motivate the necessity of planned training for a headmaster, to examine the most important problems in connection with this training, and to draft a concept plan, based on the Christian theory, for the newly appointed head-

master. In view of the fact that in South Africa this training is still at a probationary stage, this chapter provides positive suggestions rather than criticism on existing systems.

CHAPTER IX

SUMMARY.

The final chapter deals with the most important deductions, certain recommendations and various implications. It concludes with a list of problems encountered in this investigation which asks for further research.